AANVULLENDE VERSLAG VAN TAAKSPAN VIR LEERSTELLIGE EN AKTUELE SAKE (ATLAS)

Algemene Sinode 2023

1 BESKRYWINGSPUNTE

1.1 AGTERGROND

Die volgende beskrywingspunte, wat deur die Taakspan Regte (ATR) as ontvanklik geoordeel is, is op 11 September 2023 na ATLAS verwys vir hantering met verslag aan die Algemene Sinode in Oktober 2023:

Vrystaat Sinode (ontvang van J. Lubbe en L. Foot):

- *Oor ons belydenis aangaande die Heilige Skrif.*
- *Oor seksualiteit, huwelik en selfdegeslagverbintenisse.*
- *Oor ons gereformeerde belydenis en spesifiek ten opsigte van die bose.*

Namibië Sinode (ontvang van MJN van der Merwe):

- *Gesag en rol van die Bybel.*
- *Getuienis oor selfdegeslag-seksuele verhoudings.*
- *Enkellopend en toegewyd – waardevol geag in die gemeenskap van gelowiges.;*

Dalunie, Noordelike Sinode (ontvang van SJ Strydom en M Zondagh):

- *Die huwelik tussen man en vrou as enigste ruimte vir die van seksualiteit.*

Hieronder volg ATLAS se aanbevelings ten opsigte van bogenoemde Beskrywingspunte. Elk van hierdie Beskrywingspunte handel oor sake wat ook in Gravamina aan die orde gestel is. Hierdie Gravamina is deur die Tydelike Taakspan Gravamina hanteer.
Die sake ter sprake is:
i. Skrifgesag
ii. Die Bose
iii. Selfdegeslagverbintenisse, huwelik en seksualiteit

1.2 BESKRYWINGSPUNT VAN DIE NG KERK VRYSTAAT OOR ONS BELYDENIS AANGAANDE DIE HEILIGE SKRIF (BL 149-151 VAN ADDENDUM TOT DIE AGENDA)

Aanbeveling:
1.2.1 Die Algemene Sinode aanvaar die beskrywingspunt (punte 1,2 en 3) tesame met die toeligting en motivering wat gebied word.
1.2.2 Die Algemene Sinode verbind homself, in die woorde van die beskrywingspunt, tot "meer geduld met mekaar, meer van 'n leerbare gees en meer groei in ons afhanklikheid van dié God wat tegelyk Spreker, Woord en Stem is en ons Hom in die Skrif laat ontmoet".
1.2.3 Die Algemene Sinode bely, in die woorde van die beskrywingspunt, dat by God dinge nooit vasloop nie. God maak ons deur sy Woord en Gees vry. "Al neem dit tyd, 'n leeftyd soms."

1.3 BESKRYWINGSPUNT VAN DIE NG KERK VRYSTAAT OOR SEKSUALITEIT, HUWELIK EN SELFDEGESLAGVERBINTENISSE (BL 152-154 VAN ADDENDUM TOT DIE AGENDA)

Aanbeveling:
1.3.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die besluit oor "seksualiteit, huwelik en selfdegeslagverbintenisse" wat die NG Kerk van die Vrystaat tydens die buitengewone sinodesitting in Bloemfontein op 18 April 2023 geneem het.
1.3.2 Die Algemene Sinode herbevestig die volgende konsensus van die 2007 sinode: "Alhoewel daar ook verskil van mening oor die huwelik bestaan, is daar ten minste konsensus

daaroor dat die huwelik tussen ‘n man en ‘n vrou ‘n belangrike instelling van God is” (Agenda AS 2007, bladsy 142).
1.3.3 Die Algemene Sinode wys daarop dat in alle tussenmenslike relasies die waardes van liefde en trou, wedersydse respek en onderlinge versorging uitdrukking moet vind.
1.3.4 Die Algemene Sinode herbevestig dat alle vorme van losbandigheid en promiskuïteit afgekeur word.
1.3.5 Die Algemene Sinode verwys hierdie beskrywingspunt na ATLAS se werkgroep oor die huwelik en seksualiteit, om te ondersoek of ‘n duideliker en bondiger formulering van die 2019-besluit gemaak sou kon word (die tweede opsie wat teen die einde van die beskrywingspunt op bladsy 154 gebied word).
1.3.6 In die lig van ‘n verbintenis tot ‘n geduldige en gespreksmatige benadering, ‘n versigtigheid om die sinode in ‘n besluitnemingsdrukgang te plaas, en in die gees van die Sinode van die Vrystaat se verduideliking van ons omgang met die Skrif as ‘n “begaanbare weg”, versoek die Algemene Sinode alle belanghebbendes om op alle vlakke van kerkwees in gesprek met mekaar te bly en in die proses te soek na die grootste moontlike konsensus .
1.3.7 Die Algemene Sinode spreek waardering uit vir die versoek in punt 5 van die Vrystaat se beskrywingspunt dat die aangeleentheid nie bloot as ‘n etiese of kerkregtelike aangeleentheid hanteer word nie, maar in die eerste instansie pastoraal in gemeentes waar ons mekaar as medegelowiges liefhet, bemoedig en God se wil saam dien.

1.4 BESKRYWINGSPUNT VAN DIE NG KERK VRYSTAAT OOR ONS GEREFORMEERDE BELYDENIS EN SPESIFIEK TEN OPSIGTE VAN DIE BOSE (BL 155-156 VAN ADDENDUM TOT DIE AGENDA)

Aanbeveling:
1.4.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die besluit oor “ons gereformeerde belydenis en spesifiek ten opsigte van die bose” wat die NG Kerk van die Vrystaat tydens die buitengewone sinodesitting in Bloemfontein op 18 April 2023 geneem het.
1.4.2 Die Algemene Sinode aanvaar dat die besluite van 2011, 2013 en 2015 oor die Bediening van die Bevryding en Bose in die lig van punte 5 tot 8 van die beskrywingspunt verstaan moet word.

1.5 BESKRYWINGSPUNT VAN DIE NG KERK IN NAMIBIË: GETUIENIS OOR SELFDEGESLAG-SEKSUELE VERHOUDINGS (BL 200-202 VAN ADDENDUM TOT DIE AGENDA)

Aanbeveling:
1.5.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die NG Kerk in Namibië: Getuienis oor selfdegeslag-seksuele verhoudings.
1.5.2 Die Algemene Sinode wys daarop dat die beskrywingspunt die standpunt van ‘n bepaalde kant in die voortgaande gesprek uitdruk (‘n standpunt waarvoor die 2019-besluit wel ruimte maak).
1.5.3 Die Algemene Sinode besluit om, in lyn met die aanbeveling wat die Sinode van Namibië in hierdie beskrywingspunt stel, die beskrywingspunt na die ATLAS-werkgroep vir huwelik en seksualiteit deur te gee.

1.6 BESKRYWINGSPUNT VAN DIE NG KERK IN NAMIBIË: ENKELLOPEND EN TOEGEWYD – WAARDEVOL GEAG IN DIE GEMEENSKAP VAN DIE HEILIGES (BL 203-205 VAN ADDENDUM TOT DIE AGENDA)

Aanbeveling:
1.6.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die Sinode van Namibië oor ‘n “Gereformeerde verstaan van selibaatskap”.
1.6.2 Die Algemene Sinode verwys die beskrywingspunt na ATLAS vir hantering.

1.7 BESKRYWINGSPUNT VAN DIE NG KERK IN NAMIBIË: GESAG EN ROL VAN DIE BYBEL (BL 206-208 VAN ADDENDUM TOT DIE AGENDA)
Aanbeveling:
1.7.1 Die Algemene Sinode neem kennis dat hierdie beskrywingspunt verwys na ‘n dokument wat deel was van ATLAS se verslag aan die ASM van Maart 2023, maar wat voor die

behandeling daarvan deur ATLAS onttrek is aangesien dit foutiewelik in die verslag ingebind is.
1.7.2 Die Algemene Sinode volstaan met die besluit van 2011 (Notule bl 95), wat lui dat die verklaring *Skrifgebruik en Skrifgesag* van 2004 as 'n "eenvoudige en prinsipiële samevatting" van die NG Kerk se Skrifbeskouing herbevestig word, en dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986, 1990 en 2002 hiermee saam gelees behoort te word.

1.8 BESKRYWINGSPUNT VAN DIE NG KERK DALUNIE OOR DIE HUWELIK TUSSEN MAN EN VROU AS ENIGSTE RUIMTE VIR DIE GAWE VAN SEKSUALITEIT (BL 129-130 VAN ADDENDUM TOT DIE AGENDA)

Aanbeveling:
1.8.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.
1.8.2 Die Algemene Sinode erken dat daar verskillende sieninge oor die huwelik tussen man en vrou as enigste ruimte vir die gawe van seksualiteit bestaan, en dat die 2019-besluit vir verskillende sieninge ruimte maak (sien ook die 2004 en 2007 verslae oor homoseksualiteit, asook die 2011 verslag oor die huwelik en saamwoon).
1.8.3 Die Algemene Sinode verwys die beskrywingspunt na die ATLAS-werkgroep oor die huwelik en seksualiteit vir hantering.

2. VERSOEK VAN DIE SINODE VAN WES-KAAPLAND: UITROEP OM HULP VAN DIE CHRISTEN-GEMEENSKAP IN PALESTINA

2.1 ATLAS HET KENNIS GENEEM VAN DIE VOLGENDE BESLUIT WAT DIE SINODE VAN WES-KAAPLAND IN MEI 2023 GENEEM HET:

- Die Sinode van Wes-Kaapland betreur die voortgaande geweld en onreg wat tussen Israel en Palestina plaasvind en verklaar dat die situasie dringend om aksie en standpunt-inname roep.
- Die Sinode neem met besorgdheid kennis van die uitroep om hulp van die Christen-gemeenskap in Palestina en neem kennis van die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (WGGK) se besluit oor die kwessie.
- Die Sinode versoek die Algemene Sinode Moderamen om ATLAS te versoek om 'n teologiese studie te doen oor die teologiese regverdiging van Sionisme.
- Die Sinode versoek dat ATLAS die Algemene Sinode van Oktober 2023 bedien met voorstelle in hierdie verband.
- Die Sinode versoek ATLAS om toeganklike gespreksmateriaal te ontwikkel met die oog daarop om hierdie dokument op gemeente-vlak bekend te maak.

2.2 ATLAS HET OOK KENNIS GENEEM VAN DIE VOLGENDE BESLUIT WAT DIE WÊRELDGEMEENSKAP VAN GEREFORMEERDE KERKE (WGGK) IN 2017 GENEEM HET, EN WAARNA DAAR IN PT 2 VAN BOGENOEMDE BESLUIT VAN DIE SINODE VAN WES-KAAPLAND KAAPLAND VERWYS WORD:

The 2017 General Council (of the WCRC) received a call from the Palestinian Christian community to respond to the continuing crisis in their homeland.
The assembly responded with Action 55 which states that the General Council:

- affirms that, with respect to the situation of injustice and suffering that exists in Palestine, and the cry of the Palestinian Christian community, the integrity of Christian faith and praxis is at stake;
- instructs the Secretariat to initiate a programme to:
    - collect studies and materials that speak to the cry of the Palestinian people, and try to transform the conflict to make it a just and peaceful society, making them available to member churches; and
    - undertake study and discernment, using the resources available from member churches and the ecumenical movement, regarding theology that has been employed to legitimate the oppression of the Palestinian people, recognizing that such a study might result in the need for prophetic action;
- encourages the Executive Committee to seek to strengthen initiatives for dialogues, civil peace services, mediation, conflict prevention and transformation.

2.3 ATLAS het voorts kennis geneem van die omvattende werk wat reeds deur die WGGK onderneem is om materiaal oor die aangeleentheid (onder andere die teologiese regverdiging van Sionisme) te ontwikkel met die oog om dit aan lidkerke bekend te stel. Hierdie materiaal, “Focus: Palestine” is sedert 2021 op die webblad van die WGGK beskikbaar.

2.4 In die lig van hierdie materiaal wat reeds deur die WGGK ontwikkel is, is ATLAS van mening dat dit onnodig is om van nuuts af ‘n eie studie oor die Israel/Palestina-kwessie aan te pak, maar dat daar eerder aan ATLAS opdrag gegee word om te besin oor die beste wyse om die bestaande materiaal van die WGGK op bevatlike wyse aan gemeentes beskikbaar te stel.

2.5 Vanweë die beperkte tyd tot ATLAS se beskikking word versoek dat hierdie opdrag deur die Algemene Sinode aan ATLAS gegee word met verslag aan die ASM.